ST AUGUSTINE

'N LEIER IN DIE OPLEIDING VAN WAARDE GEDREWE DENKERS

WAT IS DIE MENS DAN...

INLEIDENDE KORTKURSUS OOR DIE BELANG VAN **MENSWAARDIGHEID**

Kom ontdek en groei saam oor waarom die kerk menswaardigheid as waarde moet toe-eien en beskerm. Kom hoor waarom Christene passievol behoort te raak oor die opbou van alle mense se waardigheid. Aangebied deur St Augustine College in samewerking met Excelsus.

Aandbieders: **Dr Jaco Kruger**
Dr Andre Bartlett

- Waar kom die waarde van menswaardigheid vandaan?
- Watter kwessies kom ter sprake wanneer oor menswaardigheid gedink word?
- Hoe tree mens op waar menswaardigheid in gedrang is

Hierdie kursus het ten doel om kerkleiers - en enige belangstellendes - vertroud te maak met die gesprek rondom menswaardigheid. Waarom is dit belangrik dat die NG Kerkfamilie juis nou in 'n seisoen van menswaardigheid is? Die kursus behoort deelnemers toe te rus met basiese filosofiese en teologiese denke oor menswaardigheid, juis sodat gemeentes gesensiteer en toegerus kan word om in woord en daad hieroor leiding in ons samelewing te gee.

Datum: **31 Augustus 2016 van 09:00 tot 16:00**
Plek: **St Augustine College of SA, 53 Ley Rd, Victory Park, Johannesburg**
http://www.staugustine.ac.za/contact
Koste: **R300 (sluit verversings en middagete in)**

St Augustine College is geregistreer by die Suid Afrikaanse Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) as 'n privaat tersiëre akademiese instelling (sertifikaat nr. 200/HE08/002). Sedert die stigting daarvan in 1999 is die kollege, geleë in Victory Park, Johannesburg, 'n gerespekteerde verskaffer van hoë gehalte, waarde gebaseerde opleiding. Al die grade en sertifikate wat aangebied word is ge-akkrediteer deur die Raad vir Hoër Onderwys (CHE), en die Suid Afrikaanse Kwalifikasie Outoriteit (SAQA). St Augustine College, word geïnspireer deur die Katolieke Intellektuele Tradisie – 'n werklikheid wat sigbaar is in die missiestelling van die kollege: 'Om gegradueerdes af te lewer wat geleer het om gedissiplineerd te dink, sodat hulle reg kan optree, ten einde die mensdom beter te kan dien.' St Augustine word erken as 'n katolieke 'universiteit' deur sowel die Suid Afrikaanse Katolieke Raad van Biskoppe as die Vatikaanse beheerliggaam vir katolieke opvoeding.

Excelsus is die NG Kerk se Sentrum vir Bedieningsontwikkeling. Excelsus is verantwoordelik vir die ontwikkeling en bestuur van 'n kerkeie opleidingsprogram vir teologiese studente van die NG Kerk en 'n voortgesette opleidings- en ontwikkelingsprogram vir predikante van die NG Kerk.

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING